

Hekel 'n skatlike borslappie



By 'n spesiale geleentheid wil 'n mens graag 'n deftige, dog skattige borslappie vir jou baba hê.
Hekel die dingetjie in 'n kits

BENODIGDHEDE

Hekelgare Nr. 5, ongeveer 16 g; hekelpen van 2,50 mm.

AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); vlg – volgende; herh – herhaal; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk.

MIDDELDEEL

Beg met 2ks, slaan 1ks oor en hekel 8kb in 1e ks om 'n ringetjie te vorm, gs in 1e kb.

1e rondte: 3ks in 1e kb, 2lb in elke kb, eindig met 1lb in 1e kb langsaan 3ks, gs in 3e van 3ks (= 16lb), draai. Hekel deurgaans kb aan VK en lb

Hekel dié wit borslappie met sy gepunte randjie in 'n kits van katoen-hekelgare Nr. 5.

aan RK.

2e rondte: 1ks, 1kb in gs van vorige rondte, 1kb in elke lb tot einde, gs in eerste kb (= 17kb), draai.

Hekel elke lb-rondte in agterste lse van kb van vorige rondte.

3e rondte: 3ks, [2lb in vlg kb, 1lb in vlg kb, 2lb in vlg kb, (1lb, 1ks en 1lb) in vlg kb] 3 keer, (2lb in vlg kb, 1lb in vlg kb) 2 keer, 1ks, gs in 3e van 3ks, draai.

4e rondte: (1kb in 1ks-sp, 1kb in vlg 7lb) 4 keer, gs in 1e kb, draai.

5e rondte: 3ks, *(2lb in vlg kb, 1lb in vlg 2kb) 2 keer, 2lb in vlg kb, (1lb, 1ks, 1lb) in vlg kb*; herh van * tot * nog 2 keer, eindig met (2lb in vlg kb, 1lb in vlg 2kb) 2 keer, 2lb in vlg kb, 1lb in 1e kb, 1ks, gs in 3e van 3ks, draai.

6e rondte: (1kb in 1ks-sp, 1kb in vlg 12lb) 4 keer, gs in 1e kb, draai.

7e rondte: 3ks, [*1lb in vlg 4kb, 2lb in vlg kb, 1lb in vlg 2kb, 2lb in vlg kb, 1lb in vlg 4kb*, (1lb, 1ks, 1lb) in vlg kb] 3 keer; herh van * tot *, eindig met 1lb in 1e kb, 1ks, gs in 3e van 3ks, draai.

8e rondte: (1kb in 1ks-sp, 1kb in vlg 16lb) 4 keer, gs in 1e kb, draai.

9e rondte: 3ks, *(1lb in vlg 2kb, 1lb in vlg kb) 2 keer, 1lb in vlg 4kb, (2lb in vlg kb, 1lb in vlg 2kb) 2 keer, (1lb, 1ks en 1lb) in vlg kb*; herh van * tot * nog 2 keer, eindig met (1lb in vlg 2kb, 2lb in vlg kb) 2 keer, 1lb in vlg 4kb, (2lb in vlg kb, 1lb in vlg 2kb) 2 keer, 1lb in 1e kb, 1ks, gs in 3e van 3ks, draai.

10e rondte: (1kb in 1ks-sp, 1kb in vlg 22lb) 4 keer, gs in 1e kb, draai.

11e rondte: 3ks, 1lb in 1e kb, (1lb in vlg 22kb, 2lb in vlg kb) 3 keer, 1lb in vlg 22kb, gs in 3e van 3ks, draai.

12e rondte: 1kb in elke kb tot einde. Heg af.

HALS EN SYKANTE

1e ry: Hekel 20ks, slaan 3kb vanaf af-hegting oor, 1kb in agterste lse van vlg 20kb, hekel 22ks, draai.

2e ry: Slaan 3ks oor, 1lb in vlg 19ks, 1lb in agterste ls van vlg 5kb, (2lb in vlg kb, 1lb in vlg 5kb); herh tot by eerste ks, 1lb in vlg 20ks, draai.

3e ry: 1kb in elke lb tot einde, draai.

4e ry: 3ks, 1lb in vlg 27kb, (2lb in vlg kb, 1lb in vlg 6kb) 10 keer, 2lb in vlg kb, 1lb in vlg 29kb, gs oor skouer tot by halsrand, draai.

5e ry: Hekel 6kb eweredig gespasieer oor skouer, 1kb in elke lb, 6kb eweredig gespasieer oor vlg skouer, draai.

GEPUENTE RANDJIE

Hekel in agterste ls van elke kb-rondte, 3ks, slaan 1kb oor, *in vlg kb hekel [2lb, 'n picot (= 2ks, slaan 1ks oor, 1kb in vlg ks) en 2lb], slaan 2kb oor*; herh van * tot * rondom, 3ks, 1kb in laaste kb.

BANDJIE

Hekel 51ks, slaan 1ks oor, gs in elke ks; hekel om hals 1kb in elke st aan sykant af, in elke kb van middeldeel en in elke st teen vlg sykant op; herh soos vir eerste bandjie van * tot *, gs in laaste kb.

Heg af.

NB: No English version of this pattern will be available.

patroon en foto uit *Bababoetiek* deur Maureen Muller
boek beskikbaar by DELOS-uitgewers, Posbus 6011, Roggebaai, 8012; prys R17,95